# Lesing 28.02.2018 - Die Antichris DEEL 2

Die kenmerke van die Antichris

GJE BOEK 6 (vervolg):151:9] Dink julle dat die Antichris dit ook sal doen? O, glad nie! Hy sal sy aanhangers ontsettend weinig gee - bykans niks behalwe los, versinde beloftes vir die groot hiernamaals, - maar hy sal groot offers daarvoor eis, soos wat die tempeldienaars nou doen, wat hulle vir hulle ellelange gebede baie goed laat betaal; maar hierdie gebede het vir niemand enige nut nie, nie vir hierdie wêreld nie en nog minder vir die wêreld aan ander kant nie! En kyk, so sal die Antichris dit ook doen en Myne sal hom en sy leerlinge en volgelinge baie maklik aan hierdie waardelose en hol vrugte herken!

[10] Wat doen die Fariseërs nou met alle moontlike sondaars? Kyk, hulle wil betaling vir die sonde hê, hetsy in die vorm van geld of van ander ryk offers, en hulle gee daarop aan die sondaars `n vrybrief vir die reeds begane sonde en ook vir die sonde wat mense in die toekoms trag om te begaan, want daarvan is daar genoeg te vinde, veral in die ryk wêreld, en hulle sê vir die mense: 'As dit wat die wet jou oplê, te swaar is, kan jy iets beter offer!' En so hef die tempeldienaars die gebod van Elohim op en gee in die plek daarvoor hulle eie selfsugtige, wêreldse voorskrifte, omdat hulle maar net ten koste van die arme, blinde mensdom `n goeie lewe wil lei.

[11] Kyk, presies so sal die Antichris en al sy leerlinge ook doen, en julle sal hom baie maklik daaraan herken! En as sy leerlinge dan orals ter wêreld met oopgesperde mond sal skreeu: 'Kyk, hier is die ware Christus!' of' Daar is hy!', laat niemand van My hulle dan glo nie! Laat die egte wêreldse kinders egter met rus en roep hulle nie, sodat julle met rus gelaat kan word deur die Draak en sy aanhang; want hy sal hom `n tyd lank groot mag toeëien en sy vyande baie boos behandel! Maar juis daarmee sal hy sy oordeel en sy ondergang self bewerkstellig.

[12] In dieselfde tyd sal Ek die mense egter allerlei groot uitvindinge laat doen, wat soos gloeiende pyle in die duister kamers van die Draak sal dring en wat sy bose, bedrieglike kunste en valse wonderdade kragdadig sal verniel, en hy sal naak daar staan, selfs tot skande van sy vurigste aanhangers, wat hulle weldra in groot groepe van hom sal afkeer.

[13] Daarom moet daar geen sorg wees oor wat daar mettertyd met My leer sal gebeur nie, want slegs Ek weet wat daar in hierdie wêreld alles moet gebeur, en wat daar toegelaat moet word, sodat die stralende lewenslig ook eens in die blinde wêreld sal skyn!

[14] Maar so gou as wat julle dit vir julle voorstel, gaan dit nie wees nie; want slegs Ek ken die lewenselemente in hierdie aarde, en weet ook die beste wat daarvoor nodig is om dit gedurende die loop van die tyd na `n hoër lewenslig te lei. Vra daarom nie verder nie en wees opgewek!

[15] Kyk, vir My is daar in hierdie wêreld nog baie vreemde, droewige ervarings te wagte, wat eintlik glad nie lank op hulle sal laat wag nie! Maar tog sal julle nie opmerk dat Ek daaroor treurig is nie. Laat kom wat wil, slegs Ek is die Meester! Daar kan niks bo My wysheid en My wil uitgaan nie. Wat daar gebeur en nog sal gebeur, is daarbo bereken en bepaal, en het sy diepste, mees gewyde rede. Wie in sy hart en in sy liefde en in sy wil met My is, sal deur die wêreld, hoe vreeslik ookal, nooit geraak kan word nie, maar wie slegs in sy wysheid een is met My, sal in die wêreld `n baie harde stryd moet deurstaan; want die wêreld met haar materiële verstand sal ewig nooit insien dat, wat vir haar skynbaar iets is, geestelik werklik niks is nie. - Laat dit voldoende vir julle wees en wees nou bly in My!'

Mat 24:23 As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Gesalfde! of: Daar! - moet dit nie glo nie.

Mat 24:24 Want daar sal valse gesalfdes en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.